



My VBO-voetspoor

Punte vir VBO word elektronies per SMS geboekstaaf en wel op die wyse soos hieronder beskryf. Die verantwoordelikheid berus by die individu. Die betrokke sentrums in die verskillende streke kan u egter bystaan.

Registrasie as *CPD Solutions*-gebruiker vir VBO

ALLE GEBRUIKERS (VORIGE EN NUWE), SIEN ASSEBLIEF STAP 4

Stap 1:

Stoor die volgende kort nommer op u selfoon onder "VBO-Krediete." **CPD Solutions SMS kort nommer: 31029**

Stap 2:

Registreer as nuwe gebruiker: Stuur 'n SMS wat slegs die letter **r** (dit staan vir **registreer**) bevat na 31029. Die stelsel sal aan u 'n SMS terugstuur wat as volg lyk: title=...initials=...surname=...profreg=...id=...COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

Stap 3:

Voltooi u besonderhede en stuur aan (forward) na 31029: Die oorspronklike teks en =teken moet steeds deel van u SMS uitmaak. Vul u eie besonderhede in waar die spasies in die SMS gelaat is. **VBO-gebruikers los die profreg=veld skoon** en vul die id= veld in. U SMS behoort soortgelyk aan die volgende te lyk: title=Ds initials=TR surname=Smit profreg= id=3301222500787 COMPLETE YOUR DETAILS AND FORWARD TO 31029

NB: U moet die SMS **aanstuur (forward)** na 31029 en **nie terugstuur (reply)** na die nommer waar dit vandaan kom nie.

Nota: Om enige tyd in die toekoms u besonderhede na te gaan of te verander, kan u presies dieselfde proses volg (stap 2 en 3). Die SMS wat u sal ontvang, sal dan reeds u bestaande besonderhede bevat.

Stap 4:

Om u aan u **gemeente** te koppel, stuur 'n SMS met die woord gemeente, gevolg deur 'n spasie en u gemeente se naam. Belangrik is dat die spelling soos in die Jaarboek gebruik word, byvoorbeeld: Gemeente Bloemfontein-Noord (sien ook lys by: www.cpdolutions.co.za/gemeente). Indien in nuwe gemeente, herhaal bogenoemde met nuwe gemeente se naam.

Om u bywoning van 'n aktiwiteit te registreer:

Stuur die bywoningskode/s na 31029 deur 'n SMS te skryf wat slegs die kodes lys, byvoorbeeld: *B12345 B11111 B22222* (vyf kodes kan per SMS gestuur word).

Om u selfoonnommer te verander (Stap 1):

U moet die kodewoord "**numberchange**" gevolg deur u ou selfoonnommer stuur aan 31029 byvoorbeeld: *numberchange 0831231234* **NB:** Hierdie SMS moet **van u nuwe selfoonnommer** gestuur word. U sal 'n SMS soortgelyk aan die volgende terug ontvang: *number=0831231234 number=0798881111 for TR Smit. IF THIS IS CORRECT, FORWARD THIS MESSAGE TO 31029 TO EFFECT CHANGE*

Bevestig die verandering (Stap 2):

Indien die besonderhede soos verskaf korrek is, (sien voorbeeld bo), bevestig die verandering deur die SMS, net so sonder enige veranderinge, aan te stuur (**forward, nie reply**) na 31029.

U kan u bywoning kontroleer op ons webwerf www.cpdolutions.co.za Toegang word verkry deur u selfoonnommer en 'n pinkode. Op die webwerf is 'n skakel wat die pinkode aan u sal SMS sodra dit benodig word. U kan ook, indien nodig, vir **mev Marina Oberholzer** by *Shepherd* kontak (shepherd@ufs.ac.za of 051 401 3995).